dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

24 SEPTEMBER 2019

Matteus 6:28-29: #Skoonheid
"En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies. Hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle; selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie."

Ons leef in 'n tyd waar sosiale media 'n groot invloed het op hoe die mens moet aantrek of wat moet jy gebruik om 'n beter voorkoms te hê. Al hierdie dinge plaas geweldige druk op die mens se finansiële omstandighede. Daarom sê Matteus 6:28: "En wat bekommer julle julle oor klere?" Die probleem waarmee ons vandag sit, is dat die mens wil in wees met die wêreldse optrede.

Jesus wys die mense op die lelies van die veld, wat so mooi groei want hulle arbei nie, tog is hulle beter bekleed as die heerlikheid van koning Salomo. In Romeine 12:2 sê die Woord: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed." Daarom is dit belangrik dat ons moet seker maak dat ons trek ons eers aan van binne na buite toe. Om daartoe in staat te kan wees, is ons afhanklik van die heerlikheid van God. Wanneer God se heerlikheid oor ons skyn, dan oortref dit die skoonheid van die wêreld. Daarom sê Jesus dat selfs Salomo in al sy heerlikheid was nie bekleed soos een van die lelies nie.

Vrede / Shalom